

Cape Agulhas, South Africa

## Drank Handelsure Verordening

Legislation as at 11 January 2019

FRBR URI: /akn/za-wc033/act/by-law/2012/liquor-trading-hours/afr@2019-01-11

There may have been updates since this file was created.

PDF created on 11 August 2023 at 15:41.

*Collection last checked for updates: 28 July 2023.*

[Check for updates](#)



### About this collection

The legislation in this collection has been reproduced as it was originally printed in the Government Gazette, with improved formatting and with minor typographical errors corrected. All amendments have been applied directly to the text and annotated. A scan of the original gazette of each piece of legislation (including amendments) is available for reference.

This is a free download from the Laws.Africa Legislation Commons, a collection of African legislation that is digitised by Laws.Africa and made available for free.

[www.laws.africa](http://www.laws.africa)  
[info@laws.africa](mailto:info@laws.africa)

There is no copyright on the legislative content of this document.  
This PDF copy is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 License (CC BY 4.0). Share widely and freely.

## Drank Handelsure Verordening

### Contents

1. Woordbepaling .....	1
2. Toepassing van verordening .....	2
3. Handelsure .....	2
4. Afwyking van handelsure .....	3
5. Strafbepaling .....	3
6. Oorbruggingsmaatreëls .....	3
7. Kort titel en inwerkingtreding .....	3

# Cape Agulhas South Africa

## Drank Handelsure Verordening, 2012

[Published in Western Cape Provincial Gazette 7075 on 14 Desember 2012](#)

**Inwerking getree op 14 Desember 2012**

*[Hierdie weergawe van die relevante dokument vind toepassing vanaf 11 Januarie 2019 en is insluitend van enige verdere wysigings gepubliseer tot en met 28 Julie 2023.]*

*[Gewysig deur [Liquor Trading Hours: Amendment](#) op 9 Oktober 2015]*

*[Gewysig deur [Liquor Trading Hours: Amendment](#) op 30 Oktober 2015]*

*[Gewysig deur [Liquor Trading Hours: Amendment](#) op 28 Oktober 2016]*

*[Gewysig deur [Liquor Trading Hours: Amendment](#) op 11 Januarie 2019]*

### Om voorsiening te maak vir die dae en ure waarop in drank handel gedryf mag word

Nademaal artikel 156(1) van die [Grondwet](#) voorsiening maak dat munisipaliteite uitvoerende gesag het met betrekking tot, en die reg het om die volgende regeringsfunksie te administreer: Beheer van onderneming wat drank aan die publiek verkoop;

Nademaal artikel 156(1) van die [Grondwet](#) munisipaliteite die bevoegdheid verleen om verordeninge te maak en administreer ten einde effektiewe administrasie uit te oefen rakende die aangeleenthede wat hul die reg het om te administreer;

Nademaal die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap oor die wetgewende bevoegdheid beskik ten opsigte van drank lisensies;

En Nademaal die Wes Kaapse Drank Wet, 2007 erken dat 'n munisipaliteit drank handelsure mag bepaal deur middel van 'n verordening

WORD AS VOLG deur Kaap Agulhas Munisipaliteit gepromulgeer:

### 1. Woordbepaling

Dat die woordomskrywings in hierdie verordening, tensy anders aangedui as volg sal wees:

"**Wet**" beteken die Wes Kaapse Drankwet, 2008 ([Wet No 4 van 2008](#));

"**gelisensieërde perseel**" beteken die perseel waarop drank verkoop, verbruik of gestoor mag word in terme van 'n lisensie toegeken in terme van die Wet;

"**gelisensieërde besigheid**" beteken die besigheid wat bedryf mag word op die gelisensieërde perseel soos gemagtig deur die Drankraad;

"**Lisensiehouer**" beteken die persoon aan wie 'n drank lisensie uitgereik is in terme van die Wet;

"**Drank Owerheid**" beteken die Wes Kaapse Drank Owerheid ingestel in terme van artikel 2(1) van die Wet;

"**Drankwinkel**" beteken 'n winkel wat hoofsaaklik alkoholiese drank verkoop wat weggeneem word en weg van gelisensieerde persele gedrink word;

*[omskrywing van "Drankwinkel" ingevoeg deur artikel 1 van die [Wysigingsverordening, 2019](#)]*

"**handelsdae**" beteken die dae waarop drank verkoop mag word tydens handelsure;

"**handelsure**" beteken die ure waaarop drank verkoop mag word op handelsdae;

"**munisipaliteit**" beteken Kaap Agulhas Munisipaliteit;

"**Toeristefasiliteite**" beteken geriewe vir toeriste of besoekers soos WYNBOETIEKS, lesinglokale, restaurante, geskenkwinkels, ruskamers of ontspanningsfasiliteite, maar sluit nie 'n drankwinkel, hotel of oornagverblyf in nie;

*[omskrywing van "Toeristefasiliteite" ingevoeg deur artikel 1 van die [Wysigingsverordening, 2019](#)]*

"**Wynboetiek**" beteken 'n Wynwinkel wat handel dryf in wyne van kleiner, onafhanklike produsente. Dié handelsmerke word nie in die groter markte gevind nie.

*[omskrywing van "Wynboetiek" ingevoeg deur artikel 1 van die [Wysigingsverordening, 2019](#)]*

## 2. Toepassing van verordening

Hierdie verordening is van toepassing op gelisensieërde besighede wat drank verkoop vir verbruik:

- (a) op die gelisensieërde perseel;
- (b) van die gelisensieërde perseel; en
- (c) op en van die gelisensieërde perseel.

## 3. Handesure

- (1) Verbruik op die gelisensieërde perseel

'n Lisensiehouer van 'n perseel waarop drank verkoop mag word vir verbruik op 'n gelisensieërde perseel, mag op enige dag drank verkoop tussen 10:00 en 02:00 die volgende dag.

- (2) Verbruik van die gelisensieërde perseel

'n Lisensiehouer van 'n perseel waarop drank verkoop mag word vir gebruik van die gelisensieërde perseel mag drank verkoop tussen 08:00 en 20:00 Maandag tot Saterdag.

*[subartikel (2) gewysig deur artikel 1 van die [Wysigingsverordening, 2015](#)]*

- (3) Verbruik op en van die gelisensieërde perseel

'n Lisensiehouer van 'n perseel waarop drank verkoop mag word vir verbruik op en van die gelisensieërde perseel mag drank verkoop –

- (a) vir verbruik op die gelisensieërde perseel op alle dae tussen 10:00 en 02:00 die daaropvolgende dag; en
- (b) vir verbruik van die gelisensieërde perseel tussen 08:00 en 20:00 Maandag tot Saterdag.

*[subartikel (3) gewysig deur artikel 1 van die [Wysigingsverordening, 2015](#)]*

- (4) Geen drankverkope vanaf buite gelisensieerde perseel op Sondag nie.

*[subartikel (4) toegevoeg deur artikel 2 van die [Wysigingsverordening, 2015](#), soos gewysig deur die [Tweede Wysigingsverordening, 2015](#)]*

- (5) Geen drankverkope vanaf buite gelisensieerde perseel op Godsdienstige vakansiedae (Goeie Vrydag en Kersdag) nie.

*[subartikel (5) toegevoeg deur die [Wysigingsverordening, 2016](#)]*

- (6) Handesdae en -ure vir die verkoop van drank vir verbruik weg van en op gelisensieerde persele: 'n Lisensiehouer wat 'n toeristefasiliteit bedryf, kan drank vir verbruik weg van die gelisensieerde perseel op enige dag van die week van 9:00 tot 16:00 verkoop.

*[subartikel (6) toegevoeg deur artikel 2 van die [Wysigingsverordening, 2019](#)]*

- (7) Dat al die drankhandelaars wat alkoholiese drank verkoop, mag Sondaes van 9:00 tot 16:00 drank verkoop.

*[subartikel (7) toegevoeg deur artikel 2 van die [Wysigingsverordening, 2019](#)]*

#### **4. Afwyking van handelsure**

Die Raad mag, in belang van die gemeenskap en op versoek van 'n lisensiehouer van 'n perseel waarop drank verkoop mag word vir verbruik op die gelisensieëerde perseel, goedkeuring verleen dat die lisensiehouer drank mag verkoop tussen die tye, anders as die omskryf in artikel 4, maar wat nie buite:

- (a) 'n tyd vroeër as 09:00; en
- (b) 'n tyd later as 02:00

sal wees nie.

#### **5. Strafbepaling**

Onderworpe aan artikel 6 is 'n lisensiehouer wat drank verkoop, voorsien of die verbruik daarvan toelaat op 'n gelisensieëerde perseel op 'n tyd wanneer die verkope van drank nie deur die lisensie toegelaat word nie, skuldig aan 'n misdryf en kan by skuldigbevinding 'n boete of tronkstraf, of beide opgelê word.

#### **6. Oorbruggingsmaatreëls**

Die handelsure van enige lisensie vir 'n perseel waarop drank verkoop mag word vir verbruik op of van die gelisensieëerde perseel, wat voor die inwerkingtreding van hierdie verordening vasgestel is, sal van toepassing wees totdat die lisensie soos omvat in artikel 62(2) van die Wet, verval.

#### **7. Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie verordening word die Kaap Agulhas Munisipaliteit Verordening insake drank handelsure genoem en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.